Aksie-uitdagingskaarte & Belonings

Maak SES afskrifte van die aksie-uitdagingskaarte en belonings.
Elke stasie benodig een volledige stel aksie-uitdagingskaarte en belonings.
Knip die kaarte uit en skryf **"Aksie-uitdaging"** op die agterkant van elke kaart.





Scenariokaarte

Maak EEN afskrif van die scenariokaarte.
Elke stasie benodig 'n stel van DRIE scenariokaarte wat op EEN spesifieke sosiale kwessie fokus.
Knip die kaarte uit en skryf **"Scenariokaart"** op die agterkant van elke kaart.

Stasie 1: Misdaad

Scenario



Daar was binne een week vier inbrake in jou woonbuurt. Mense is bang om hul huise te verlaat.

teenactiv "Red die Gemeenskap"

Scenario



'n Bende teiken graad 10-leerders. Sommige leerders voel onder druk om ter wille van beskerming by die bende aan te sluit.

teenactiv "Red die Gemeenskap"

Scenario



Die skool se tablette, sporttoerusting en skoonmaakmiddels word gesteel.

teenactiv "Red die Gemeenskap"

Stasie 2: Geweld

Scenario



Leerders neem gevegte en aanrandings op pad skool toe waar.

teenactiv "Red die Gemeenskap"

Scenario



'n Graad 10-leerder word daagliks fisiek en verbaal geboelie. Baie leerders kyk toe, maar help nie.

teenactiv "Red die Gemeenskap"

Scenario



'n Klasmaat word mishandel by die huis en daag dikwels moeg en teruggetrokke by die skool op.

teenactiv "Red die Gemeenskap"

Scenariokaaarte

Maak EEN afskrif van die scenariokaarte.
Elke stasie benodig ’n stel van DRIE scenariokaarte wat op EEN spesifieke sosiale kwessie fokus.
Knip die kaarte uit en skryf **“Scenariokaart”** op die agterkant van elke kaart.

Stasie 4: Veligheid en sekuriteit

Scenario

Leerders stap ná skool deur gebiede, wat bekend is vir rooftogte en teistering, huis toe.

teenactiv
“Red die Gemeenskap”

Scenario

Straatligte is stukkend, speelterreine is gevandaliseer en gemeenskapsale is onveilig.

teenactiv
“Red die Gemeenskap”

Scenario

Informele wonings is baie na aan mekaar gebou. ’n Enkele brand kan ’n hele blok wooneenhede verwoes.

teenactiv
“Red die Gemeenskap”

Stasie 3: Armoede

Scenario

Baie leerders kom honger skool toe. Dit lei tot hoofpyn, swak konsentrasie en prikkelbaarheid.

teenactiv
“Red die Gemeenskap”

Scenario

Verskeie ouers het hul werk verloor. Gesinne sukkel om vervoer en skooldrag te bekostig.

teenactiv
“Red die Gemeenskap”

Scenario

Iemand in die gemeenskap is baie siek, maar die gesin kan nie vervoer na die kliniek bekostig nie.

teenactiv
“Red die Gemeenskap”

Scenariokaarte

Maak EEN afskrif van die scenariokaarte.
Elke stasie benodig ’n stel van DRIE scenariokaarte wat op EEN spesifieke sosiale kwessie fokus.
Knip die kaarte uit en skryf **“Scenariokaart”** op die agterkant van elke kaart.

Stasie 6: Gebrek aan basiese dienste

Scenario

Gesinne is dae lank sonder skoon water. Toilette kan nie gespoel word nie en mense staan in lang rye by watertenks.

teenactiv

“Red die Gemeenskap”

Scenario

Mense moet lang afstande reis en ure lank wag om deur ’n verpleegkundige gehelp te word.

teenactiv

“Red die Gemeenskap”

Scenario

Nabygeleë waterstrome is besoedel en veroorsaak veluitslae en maagsiektes.

teenactiv

“Red die Gemeenskap”

Stasie 5: Ongelyke toegang tot hulpbronne

Scenario

Die skool deel alle studiehulpbronne slegs aanlyn. Sommige leerders het selfone of toegang tot Wi-Fi, terwyl ander op vriende staatmaak om hul huiswerk te kry.

teenactiv

“Red die Gemeenskap”

Scenario

Sommige gesinne kan veilige vervoer bekostig, terwyl ander lang afstande deur onveilige gebiede moet stap.

teenactiv

“Red die Gemeenskap”

Scenario

Beurtkragonderbrekings beskadig huishoudelike toestelle en maak dit moeilik om te studeer.

teenactiv

“Red die Gemeenskap”